Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 3: Nommer 9 – 15 September 2025

## OUERLEIDING




### DIE BELANGRIKSTE 9 MINUTE IN JOU KIND SE DAG.

Charlie Kirk se skielike dood het die afgelope week 'n gesprekspunt reg oor die wêreld geword. Dit het ook die klem laat val op hoe ons ons kosbare tyd benut in ons gejaagde lewens. Die besige derde kwartaal horlosiewysers is uiteindelik besig om stadiger te tik. Dis 'n goeie tyd om halt te roep en dit wat werklik belangrik is in oënskou te neem.

Ons kinders reageer op impulse en hoe hulle die wêreld om hulle waarneem. Jou tyd is die grootste geskenk wat jy as ouer vir jou kind kan gee, maar dis veral 9 minute van elke dag waarop ouers moet let. Wees eerlik met jouself oor hierdie **9 MINUTE** van die dag en vra jouself die volgende vrae af:

- Hoe is jou optrede as ouer die eerste **3 MINUTE** nadat jou kind wakker geword het?
- Hoe beleef jou kind jou die eerste **3 MINUTE** nadat jy hom by die skool opgetel het?
- Hoe tree jy op die laaste **3 MINUTE** voordat jou kind gaan slaap?

Hoe kan jy as ouer hierdie kort tydjies betekenisvol en positief maak?

Die eerste **3 MINUTE** van jou kind se dag: Vroeg oggende gee die toon aan vir die res van die dag. Stel die wekker bietjie vroeër om jou kind rustig wakker te maak.Tyd gaan alles oor voorbereiding. Pak die vorige aand die volgende dag se klere vir buitemuurse aktiwiteite en beplan die pak van kosblikke vooraf. Gesels rustig oor die dag wat voorlê. Die eerste **3 MINUTE** nadat jou kind wakker gemaak word, mag nie chaoties wees nie.

Die eerste **3 MINUTE** nadat jy jou kind by die skool of Naskool gaan haal het is so belangrik, omdat ons kinders 'n paar uur van 'n besige dag beleef het. Sit jou selfoon neer. Gee onverdeelde aandag aan jou kind. Wys dat jy bly is om jou kind te sien. Vra spesifieke vrae oor jou kind se dag en nie net – "Hoe was jou dag?" nie. Vra met wie hulle gespeel het, wat hul laat lag het, wat die uitdagendste ding was wat hul moes doen. Gesels so met jou kind dat hy die vrymoedigheid het om meer te deel.

**3 MINUTE** voor slapenstyd: Dis 'n goeie tyd om te fokus op dankbaarheid. Deel met jou kind wat dit is wat jou daardie dag trots of bly gemaak het. Prys jou kind oor 'n goeie daad of 'n ekstra taak wat hy gedoen het. Jou kind moet weet hoe geliefd hy is, voordat hy gaan slaap.

Hierdie **9 MINUTE** sal werklik help om 'n bedagsame, selfversekerde,veerkragtige klein mensie groot te maak.

Tyd met mekaar is kosbaar – laat dit tel!

# ALGEMENE OUERVERGADERING

*Algemene Ouervergadering*
*op Woensdag, 22 Oktober 2025*
*om 18:00 in die skoolsaal.*

***Agenda:***
***Opening en Verwelkoming***
***Skoolverslag***
***Begroting 2026***
***Vrae + Goedkeuring***
***Afsluiting***

- **Ouers is welkom om insae in die begroting te lewer, deur meneer Stolk te kontak.**
- **Om 'n kworum te bereik, is dit baie belangrik dat ouers dié vergadering bywoon.**

# *OLD SCHOOL* ONDERSTEUNERSTRUI




# AKADEMIE

## WRO NASIONALE KOMPETISIE

Op Saterdag 13 September het 4 Lynniespanne (en 1 oud Lynnie span) deelgeneem aan die WRO NASIONALE KOMPETISIE.

Elkeen van hierdie spanne het gekwalifiseer deur ure se harde werk plus deelname aan 'n provinsiale uitdun kompetisie.
Die dag was groot pret, maar het ook uitdagings gehad!
So trots op: *The Martians, Code Red, LegoTronics, Botrmix en oud-Lynnies Lego Logixs.*

Baie geluk aan *THE MARTIANS*
(Andreas Nel, Hannes Kruger en Kaleb Wessels) wat 3de plek in Elementary kategorie verower het en genooi is om Suid Afrika te verteenwoordig by die Internasionale kompetisie.






# S P O R T

## KRIEKET

Hierdie week is liga teen Laerskool Wierdapark.
Let wel: Sekere spanne se normale wedstryddae het geskuif as gevolg van inhaal wedstryde en die beskikbaarheid van veld.

Volgende bepalings:

| | | |
|---|---|---|
| Saterdag<br>20 September<br>09:00 | 1ste span vs Grey College | Trinity House Randpark |
| | | |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag<br>22 September<br>14:00 | o/13B vs CP o/13B | SARS veld |
| Maandag<br>22 September<br>14:00 | o/12B vs CP o/12B | Lynnwood |
| Maandag<br>22 September<br>14:00 | o/12C vs CP o/12C | AttSport A |
| | | |
| Dinsdag<br>23 September<br>14:00 | o/13A vs CP o/13A | SARS veld |
| Dinsdag<br>23 September<br>14:00 | o/12A vs CP o/12A | Lynnwood |
| Dinsdag<br>23 September<br>14:00 | o/8 Blou vs<br>Nog onbekend | Old Boys |
| | | |
| Woensdag<br>24 September<br>10:00 | o/9A vs CP o/ 9A | SARS veld |
| Woensdag<br>24 September<br>10:00 | o/9B vs CP o/9B | Lynnwood |
| Woensdag<br>24 September<br>10:00 | o/9C vs CP o/ 9C | Old Boys B |
| Woensdag<br>24 September<br>10:00 | o/8 Groen vs CP o/8 | AttSport A |
| Woensdag<br>24 September<br>10:00 | o/8 Wit vs CP o/8 | AttSport B |
| | | |
| Donderdag<br>25 September<br>14:00 | o/11A vs CP o/10A | SARS veld |
| Donderdag<br>25 September<br>14:00 | o/10A vs CP o/10A | Lynnwood |
| Donderdag<br>25 September<br>14:00 | o/8 Rooi vs<br>Nog onbekend | Old Boys B |
| Vrydag<br>26 September<br>14:00 | o/11B vs CP o/11B | SARS |
| Vrydag<br>26 September<br>14:00 | o/11C vs CP o/d11C | Old Boys B |
| Vrydag<br>26 September<br>14:00 | o/10B vs CP 1o/0B | AttSport A |

## TENNIS

Lynnies WimbLYNN het die afgelope twee weke plaasgevind waar die Lynnies personeel en onderwysassistente deelgeneem het aan ons tennis toernooi. Die kompetisie was straf, maar die GEES onder ons onnies was GROTER!! In die eerste plek was dit juffrou Doné en meneer Ethan genaamd *Smash & Dash*. Tweede plek, juffrou Lisa en meneer Pierre, *die Kroonbrekers*, en in die derde plek juffrou Isabel en meneer Edwin, *die Backhand Boelies*.
Ons Lynnie personeel maak ons bitter trots!




Die tennis liga is amper aan die einde. Daar is nog drie dogters spanne wat deelneem en ons wens hulle baie sterkte toe vir hulle laaste wedstryde wat voorlê. Ons Oop A dogters span is al van 2022 deel van die Lynnies tennis liga en maak hierdie jaar in 2025 ook saam as 'n span klaar. Ons is trots op elke Lynnie wat hierdie tennis seisoen hulle harte uitgespeel het!







## MINI-HOKKIE

### Mini-hokkie sluit die seisoen af met glimlagte en trots

Op Saterdag, 13 September, het die mini-hokkie die 2025-seisoen feestelik afgesluit met opwindende wedstryde by Laerskool Menlopark. Die veld was vol energie, entoesiasme en vrolike gesiggies – 'n ware viering van 'n wonderlike seisoen.

Hierdie jaar was daar **230 mini-hokkie spelers**, van ons klein o/7's tot die dapper o/9's, wat twee keer 'n week hard geoefen het. Die spelers se vaardighede het uitnemende vordering gemaak – van hul eerste "yard-stick" en dribbel tot mooi spanwerk.

'n Spesiale woord van dank gaan aan al die **afrigters** wat met soveel geduld en passie hul kennis en liefde vir hokkie oorgedra het. Ook aan die **ouers**, wat week na week langs die veld gestaan het en die kinders se drome ondersteun het – julle bydrae maak die verskil! Ons wil ook graag die **graad 7-dogters** bedank wat die hele seisoen met trots as skeidsregters opgetree het. Julle was uitstekende rolmodelle en het met entoesiasme en regverdigheid die wedstryde mooi laat vloei.

Die 2025-mini-hokkie seisoen het weer gewys hoe belangrik spanwerk, toewyding en liefde vir sport is. Ons is trots op elke Lynnies-speler wat deel van hierdie groot hokkiefamilie is.






















# BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

## GIMNASTIEK

Abigail Apoulus in graad 4 het baie goed presteer by die afgelope Gauteng artistieke gimnastiek-kampioenskappe.

Sy het deelgeneem in level 5 en het silwer op brug en goud op balk verwerf. Verder het sy algeheel 1ste gekom in Gauteng!

Sy verteenwoordig ook dan verder Gauteng by die SA kampioenskappe in Oktober.



## STOEI

Op Saterdag, 13 September het van ons Lynnies deelgeneem aan die GNWA Presidente en Jeugkampioenskappe. Slegs die top 4 in elke kategorie dring deur om Gauteng te verteenwoordig tydens die SAWF kampioenskappe wat 9 tot 11 Oktober plaasvind.

<u>Die stoeiers en hul prestasies;</u>

**Danelo De Kock Graad 2** 1ste in FS en 2de in Presidente.

**Ady Stander Graad 2** 1ste in FS.

**Marius Morland Graad 4** 2de in FS.

**Danru Bosch Graad 5** 2de in FS en 4de in Presidente.

**Markus du Preez Graad 6** 1ste in FS en 1ste Greco.







# KULTUUR

## REDENAARS

**KANSVATTERS! SPANREDENAARS – Nasionale landsfinaal**

Baie geluk aan die volgende redenaarspanne met hul uitstekende uitslae!
Noah Hayes, Melanje Maasdorp, Annabelle Janse van Rensburg en Lumé Botha in graad 5 het derde plek behaal.
Henry Miles, Lodewyk Swart, Lenerd Steyn en Alex Minty in graad 1 het tweede plek behaal.
Kara van Huysteen, Marghite Vermooten, Inger Nel en Mila Lotz in graad 5 het 'n tweede plek behaal.

**CON SPIRITO FORTE: SPANREDENAARS**

Sibella van der Vyver, Malan Mëller, Rikus Geertsema en Cara Wagenaar in graad 3 het 96% behaal.
Heinrich van der Vyver, Milla Grové, Amelie Wagenaar en Stian van Wyngaard in graad 1 is aangewys as Nasionale Item Wenners.



**KANSVATTERS! INDIVIDUELE REDENAARS: Nasionale landsfinaal**

Melanje Maasdorp in graad 5 wen 1ste plek in *Public speaking*, en is 'n finalis in die vermaaklikheid-toespraak.
Zahn Potgieter graad 3 is aangewys as kategorie-wenner by die motiveringstoespraak.
Ayva Potgieter graad 7 het derde plek behaal in die graad 6 tot 7 onvoorbereide afdeling.







**DEBAT**

Baie geluk aan Ferdinand Vermooten en Henk Janse van Rensburg in graad 7 wat met debat deurdring na die finaal van Con Spirito debat en behaal 79% tydens die semi-finaal waar hulle ook die debat gewen het!

Hulle dring deur na die finaal op 1 tot 2 Oktober waarvan hulle 1 uit 8 spanne is wat gaan deelneem. Seuns julle is ysters! Hou aan praat!




Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor. Let wel: Spanredenaars-lede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

> **Redenaargedagte vir die week:**
> *"Happiness depends upon ourselves. "* Aristotle

# KUNSTE AKADEMIE

## DRAMA

Baie geluk aan Zané Smith en Liezel Devenish wat as kategoriewenners van onderskeidelik Graad 7 *Dramatized Poetry*, Graad 3 Prosa en Graad 3 Gedramatiseerde Poësie by die FAL Lente Eisteddfod aangewys is! Welgedaan dogters!





## OMGEERAAD




## PERSONEELVERJAARSDAE

**SEPTEMBER**

22 Rushada Venter (naskool)

**OKTOBER**

1 Elisma Schroëder (o/w)
3 Estie van Wyk (pre-prim)
10 Keagan Fourie (intersen. ass)
11 Nicola Jansen (o/w) en
Mareli du Toit (pre-prim ass)
12 Morné Emery (o/w)
20 Chloé Avenant (pre-prim ass)
29 Ané Swart (pre-prim ass)
31 Quewy de Jager (pre-prim)

## FORMELE FOTODAE KWARTAAL 3




## LYNNIES BIDGROEP




<u>BID VIR LYNNIES</u>


Woensdae 07:25 voor die hoofhek, of in juffrou Ilsé se kantoor. Kontak Anlia 082 927 1020

## 2025 SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAG

<u>Kwartaal 3</u>: Woensdag, 24 September: Publieke vakansiedag (Erfenisdag)
Skool sluit Vrydag, 3 Oktober
<u>Kwartaal 4</u>: 13 Oktober tot 10 Desember

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**


EEN AAND
saam met
JO BLACK
Fairtree Atterbury Teater
TEN BATE VAN TSWALO HUIS
29 SEPT2025 | 19:00
R325
BESPREEK BY SEATME
AFRICAN HAVENS TSHWANE
Tswalo House
BABY HAVEN
FAIRTREE
ATTERBURY THEATRE
seatme


GRUB house
Burgers, Pizza, Wings, Shakes and more...
come get messy! with the GRUBhouse Family!
www.grubhouse.co.za


TRANSVALIA SKOOL / SCHOOL
GOLF DAY
AT PEBBLE ROCK GOLF & COUNTRY CLUB
26 SEPTEMBER 2025
REGISTRATION: 9:00
SHOTGUN START AT 10:30
COSTS: R3500 PER 4 BALL
TEE BOX SPONSOR:
1, 4, 10 AND 13 = R2000
THE REST = R1500
JUST GREEN: R500
4 BALL INCLUDES:
HALFWAY
DINNER
2 GOLF CARTS
PRIZE GIVING
TO MAKE A BOOKING CONTACT: GOLF.TRANSVALIASCHOOL@GMAIL.COM


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
Die omskakeling van 'n Big Box Container bied 'n innoverende oplossing wat funksionaliteit en kreatiwiteit kombineer sonder om kwaliteit of styl in te boet.
bigbox.co.za 0861 44 74 74


ELEVATE YOUR STANDARDS, ELEVATE YOUR SUCCESS
Did you know that grooming, dress, and interpersonal interactions are essential aspects of professionalism?
Ready to elevate your professional presence?
Book a coaching session with me or send me a message to learn more.
078 460 1288
078 460 1288
www.marynastevenson.co.za


gro
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za